| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | AFRIKAANS EAT |
| **VRAESTEL** | 3 |
| **PUNTE TOTAAL** | 100 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 2.5 URE |
| **AANTAL BLADSYE** | 6 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | Opstel | (50) |
| **AFDELING B:** | Lang transaksionele teks | (30) |
| **AFDELING C:** | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord **EEN** vraag uit elke afdeling.

3. Begin **ELKE** afdeling op ŉ **NUWE** bladsy.

4. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ŉ kopkaart of ŉ vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning **VOORDAT** jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

5. **ALLE** beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy ŉ streep deur alle beplanning trek.

6. Nommer die skryfstukke volgens die nommeringstelsel soos dit op die vraestel genommer is.

7. Skryf die titel/opskrif bo-aan elke **FINALE** skryfstuk neer.

8. Skryf duidelik die woorde **FINALE SKRYFSTUK** bo-aan die skryfstuk wat geassesseer moet word.

9. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| **AFDELING A:** | ongeveer 80 minute |
| **AFDELING B:** | ongeveer 40 minute |
| **AFDELING C:** | ongeveer 30 minute |

10. Dui die getal woorde aan die einde van jou skryfstuk aan.
**LET WEL:** Die titel word **NIE** in aanmerking geneem as die woorde getel word **NIE**.

11. Skryf netjies en leesbaar. Gebruik slegs ŉ **BLOU** pen.

# AFDELING A: OPSTEL

## VRAAG 1

- Skryf ’n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel wat jy kies bo-aan jou skryfstuk.

1.1 Vandag skryf ek my laaste matriekvraestel [50]

1.2 As ek net geweet het ... [50]

1.3 Hy/Sy is my rolmodel [50]

1.4 My storie ... [50]

1.5 Ek is meer as genoeg [50]

1.6 Kies een van die volgende prente en skryf ’n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.


**LET WEL:** Daar moet ’n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



*[Bron: https://www.allproperties.com.ph/alternative-housing-options-in-the-philippines]* [50]

1.6.2



[Bron: https://nohat.cc/f/dog-cartoon-black-and-white-pet-footprints] [50]

1.6.3



[Bron: https://nohat.cc/f/nature/com365psd49644-201908141738.html] [50]

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

# AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy was onlangs by ‘n onderhoud vir ‘n werk. Jy het nog altyd oor hierdie werk gedroom en was baie opgewonde toe jy hoor van die onderhoud.

Skryf ‘n INFORMELE BRIEF aan jou vriend/vriendin waarin jy hom/haar vertel hoe **die onderhoud afgeloop het.** [30]

2.2 **ONDERHOUD**

Jy het die geleentheid om vir die skool se jaarblad ‘n onderhoud te voer met die topatleet van die skool.

Skryf die ONDERHOUD met die **topatleet** neer**.** Dit kan in dieselfde formaat as ‘n dialoog wees. [30]

2.3 **KOERANTBERIG**

Kyk na die opskrif van ’n koerantberig:
**Matrikulant op pad na eindeksamen beseer in motorongeluk**

Skryf die KOERANTBERIG. [30]

2.4 **FORMELE BRIEF**

Jy wil graag die hoof en personeel bedank vir die goeie onderrig wat jy ontvang het.

Skryf nou ‘n brief aan die hoof en personeel om vir hulle dankie te sê. [30]

**TOTAAL AFDELING B: [30]**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies bo-aan jou skryfstuk neer.

3.1 **STROOIBILJET**

Jy het besluit om tydens die vakansie en oor naweke mense se huise en/of diere op te pas vir ekstra geld.

Ontwerp 'n STROOIBILJET om jou dienste te adverteer. Maak seker jy gee volledige inligting van wat jy kan doen en hoeveel dit kos. [20]

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy is baie opgewonde oor die Lentedans by die skool.

Skryf TWEE inskrywings in jou dagboek.
EEN inskrywing oor al die beplanning en opwinding die dag VOOR die dans.
Skryf dan nog EEN inskrywing die dag NA die Lentedans waarin jy vertel van 'n goeie of slegte aand. [20]

3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

Jy het iemand genooi om die leerlinge te kom motiveer voor die eksamen. Hy weet glad nie waar die skool is nie.

Skryf SEWE AANWYSINGS vir die spreker neer sodat hy maklik vanaf die hoofstraat van die dorp tot by die skoolhek kan ry of stap. [20]

**TOTAAL AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL: [100]**

© SACAI KOPIEREG